
# Langenhovenpark Gemeente





## Omgeegroep Studiestukke
## 2026 - Eerste Semester

# Week van 25 Januarie
# Week van Gebed

# Week van 1 Februarie
# Van kontrakte en verbonde!

**Teks**:
- Ef 5:21-33
-

**Bespreking:**
1. Wat is die verskil tussen 'n kontrak en 'n verbond? Gebruik die huwelik (of die doop) as 'n voorbeeld.
2. Wat is die groot gevaar van ‘n kontraktuele huwelik?
3. Watter waarborge bring 'n verbond in die huwelik (of doop), na die tafel?
4. Hoekom?

# Week van 8 Februarie
# Die verbond van Eden

**Teks**: Gen 1:26-2:25

**Bespreking:**

1. Tussen watter partye word die verbond van Eden gesluit?

2. Wat was die doel van die verbond?

3. Noem en beskryf die stipulasies van die verbond soos gegee in die eerste (Gen 1:28-30) en tweede gedeeltes (Gen 2:15-17).

4. Was dit ‘n voorwaardelike of onvoorwaardelike verbond? Motiveer jou antwoord.

5. Sou dit vir die mens moeilik wees om die eerste ses stipulasies te onderhou? Hou ingedagte hou dat die mens in Eden gewoon het.

6. Hoekom het God die stipulasie wat die mens verbied om van die boom van die lewe te eet, in die verbond ingesluit?

7. Wat sou die praktiese gevolg(e) van gehoorsaamheid/ ongehoorsaamheid aan hierdie stipulasie, vir die mens wees?

8. Wat beteken die term: „Die sondige natuur van die mens“? Hoe is dit moontlik dat die mens wat deur God geskep is, wel ‘n sondige natuur het?

9. Is die verbond van Eden vandag nog op ons van toepassing?

# Week van 15 Februarie
# Die verbond met Adam

**Teks**: Gen 3:1-24

**Bespreking:**

1. Wanneer word hierdie verbond met Adam gesluit?

2. Dink jy God het voor die tyd geweet dat die mens die stipulasies van die verbond van Eden sou verbreek?

3. Was die sondeval van die mens dus onvermydelik („inevitible“)?

4. Kan die mensdom met reg vir Adam en Eva vir die sondeval blameer, of sou ek en jy maar dieselfde gedoen het?

5. Watter partye is by die verbond van Eden betrokke?

6. Noem kortliks die stipulasies van die verbond soos dit betrekking het op:
   a. Die slang (vs 14);

   b. Die satan (vs 15);

   c. Die vrou (vs 16);

   d. Die mens (vs 17-19).

7. Hoe het die sondeval die seëninge van die verbond van Eden, verander?

8. Is die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik?

9. Bespreek die praktiese implikasie van Gen 3:15a. Hoekom is dit belangrik?

10. “Terwyl die verbond van Eden 'n werksverbond is, is die verbond van Adam die eerste verbond van genade“. Bespreek hoekom die stelling waar is na aanleiding van die volgende verse:
    a. Gen 3:15b;
    b. 1 Kor 15:22;
    c. Kol 2:14-15;
    d. Openb 20:1-3, 10.

11. Watter finale troos ervaar Adam en Eva (en ons ook) uit Gen 3:21?

# Week van 22 Februarie
# Die verbond met Noag

**Leesprogram:**

Maandag: Gen 4:1-26
Dinsdag: Gen 5:1-32
Woensdag: Gen 6:1-22
Donderdag: Gen 7:1-24
Vrydag: Gen 8:1-22

**Teks**: Gen 9:1-19

**Bespreking:**

1. Wat het aanleiding gegee tot God se verbond met Noag (Gen 4:8-9, 23; 6:5-7)?

2. Bespreek die omvang van God se oordeel (Gen 6:7). Wat moet ons hieruit leer?

3. Hoekom is Noag deur God begenadig (Gen 6:22; 7:5; Heb 11:7)?

4. Noem die stipulasies van die verbond (Gen 9:1-11).

5. Watter partye is by die verbond met Noag, betrokke?

6. Is die verbond met Noag voorwaardelik of onvoorwaardelik?

7. Bespreek die implikasies (en doel) van die volgende stipulasies soos gegee in:
    a. Gen 9:1-2;

    b. Gen 9:3;

    c. Gen 9:5-6a;

    d. Gen 9:8-11.

8. Dit is interessant om te sien dat God sê dat die reënboog Homself aan die verbond moet herinner, en nie noodwendig die mens nie. Bespreek.

9. Watter troos bied die reënboog egter vir ons?

10. Die verbond is universeel van aard. Bespreek.

# Week van 1 Maart
# Verbond met Abraham (1)

**Leesprogram**:

Maandag: Gen 10:1-32
Dinsdag: Gen 11:1-32
Woensdag: Gen 12:1-20
Donderdag: Gen 16:1-16
Vrydag: Gen 17:1-27

**Teks**: Gen 15:1-21

**Bespreking:**

1. Gebruik die geslagsregister in Gen 10 en 11, om Abram se familieverwantskap met Noag te beskryf. Ongeveer hoeveel jaar het verloop tussen Noag en Abram?

2. Hoekom is die geslagsregister spesifiek hier in die Bybel geplaas?

3. Bespreek die belang van Heber in Abram se geslagsregister.

4. Bespreek die eerste stipulasie van die verbond soos gegee in Gen 15:1-4; 17:19-21.

5. Watter partye was by die deel van die verbond betrokke?

6. Kan jy aan enige rede(s) dink waarom God die verbond spesifiek met Abram gesluit het (Neh 9:7-8)?

7. Bespreek Abram en Sarai se ironiese omstandighede wat die verbond vooruitgegaan het (Gen 11:30; 16:1; 17:17-22; 18:13-15).

8. Kon God Sarai se kinderloosheid vir Sy groter doel, bewerk het?

9. „God benut Abram en Sarai se unieke omstandighede maksimaal om die belang van die verbond, te beklemtoon“. Bespreek.

# Week van 8 Maart
# Verbond met Abraham (2)

**Leesprogram**:

Maandag: Gen 10:1-32
Dinsdag: Gen 11:1-32
Woensdag: Gen 12:1-20
Donderdag: Gen 16:1-16
Vrydag: Gen 17:1-27

**Teks**: Gen 15:1-21

**Bespreking:**

1. Na watter wêrelddele het die nageslag van Sem na die sondvloed, uitgewyk?

2. Bespreek Abram se eie reis tot in die land Kanaän.

3. Bespreek die tweede stipulasie van die verbond soos gegee in Gen 12:1, 7; 13:14-15, 17; 15:18-21; 17:8.

4. Hoekom was die belofte van land aan Abram so belangrik?

5. Wanneer en hoe sou hierdie bepaalde stipulasie die eerste keer in volvoering gegaan (Deut 29:1-30:20)?

6. Ongeveer hoeveel jaar sou verloop tussen die verbondsluiting met Abram en die inname van die beloofde land?

7. Bespreek God se waarskuwing aan Israel voordat hulle die beloofde land betree het (Deut 9:1-6).

8. Bespreek hoe die Grondverbond met Abram, die geskiedenis van Israel bepaal het.

9. Geld die Grondverbond met Abram en Israel, vandag nog?

# Week van 15 Maart
# Verbond met Abraham (3)

**Leesprogram**:

Maandag: Gen 10:1-32
Dinsdag: Gen 11:1-32
Woensdag: Gen 12:1-20
Donderdag: Gen 16:1-16
Vrydag: Gen 17:1-27

**Teks**: Gen 15:1-21

**Bespreking:**

1. Ongeveer 20 jaar nadat God die eerste keer vir Abram 'n groot nageslag beloof het (Gen 12:1-3), herbevestig Hy dit (Gen 15:1).
   Bespreek Abram se tipies menslike reaksie op die herbevestiging (Gen 15:2-3).

2. Hoekom kan ons onsself met Abram se reaksie assosieer?

3. Hoe bevestig God aan Abram, onderskeidelik:
   a. Die Nageslagsbelofte (Gen 15:4-5);

   b. Die Grondverbond (Gen 15:7-18)?

4. Bespreek die baie visuele bevestiging van die Grondverbond as voorbeeld van 'n menslike kontrak. Wat was die gevolge vir 'n persoon wat so 'n kontrak sou verbreek?

5. Bespreek God se Almag, Wysheid en Kennis soos geopenbaar in Gen 15:13-16.

6. Kan ons iets van God se Genade in Gen 15:16b raaksien?

7. Wie word deur die oond wat rook en die brandende fakkel, verteenwoordig (Eks 19:18)?

8. Bespreek die simboliek van 'n slapende Abram en die Oond en Fakkel wat alleen tussen die stukke vleis deurgaan.

9. Hoe sien ons hierdie simboliek in aksie in die volgende tekste:
    a. Eks 32:9-14;
    b. 2 Kon 13:22-23;
    c. 1 Kron 16:12-22?

10. Wat het die verbond egter vir God „gekos“?

# Week van 22 Maart
# Verbond met Abraham (4)

**Leesprogram**:

Maandag: Gen 10:1-32
Dinsdag: Gen 11:1-32
Woensdag: Gen 12:1-20
Donderdag: Gen 16:1-16
Vrydag: Gen 17:1-27

**Teks**: Gen 17:1-18:15

**Bespreking:**

1. Vyftien jaar na die oorspronklike sluiting van die verbond, herbevestig God dit wanneer Hy weer aan Abram verskyn. Hoe verskil die herbevestiging van die eerste sluiting soos gesien in:
    a. Gen 17:5, 15;

    b. Gen 17:19;

    c. Gen 17:21; 18:14.

2. Bespreek die simboliek van Abram en Sarai se naamsveranderinge.

3. Dit is nou reeds die vierde keer dat God persoonlik die belofte aan Abram en Sarai bevestig (Gen 12:1, 7; 15:1; 17:1). Daar het egter reeds 24 jaar verloop en beide kan nie anders as om te lag nie, want hulle is reeds baie oud (Gen 17:17; 18:11-13). Moet ons hulle reaksie veroordeel, of begrip hê daarvoor?

4. Hoe reageer God op hulle twyfel?

5. Ons sien sewe keer die woorde „My verbond“ in die gedeelte. Wat leer ons hieruit?

6. Het die vervulling van God se verbond van Abraham se gehoorsaamheid afgehang?

7. Is die verbond dus voorwaardelik of onvoorwaardelik?

8. „Die besnydenis as verbondsteken speel dieselfde rol as die reënboog na die sluiting van God se verbond met Noag”. Bespreek.

9. Bespreek God se rol in die vervulling van die:
    a. Nageslagsverbond (Gen 21:1-5);

    b. Grondverbond (Eks 6:1-7).

10. Watter belangrike lesse kan ons uit die verbondsluiting met Abraham leer?

# Skoolvakansie

# Week van 12 April
# Verbond met Moses (1)

**Leesprogram**:

Maandag: Eks 19:1-25
Dinsdag: Eks 20:1-26
Woensdag: Eks 21:1-22:31
Donderdag: Eks 23: 1-32
Vrydag: Eks 24:1-18

**Teks**: Eks 19:1-25

**Bespreking:**

1. Hoekom het God 'n spesifieke volk vir Hom uitgekies (Gen 18:18)?
2. Hoekom het God spesifiek vir Israel uit al die volke, uitverkies (Deut 7:6-8)?
3. Wat was Sy uiteindelike Goddelike doel met Israel (Joh 3:16)? Watter hoop het dit vir die hele mensdom ingehou (Gen 3:15)?
4. Hoe kon mense uit ander volke (Eks 12:38) in die Ou Testament deel uitmaak van God se volk (Gen 12:48-49)?
5. Watter partye was dus by die verbond betrokke (Eks 19:3-8; Ps 147:19)?
6. Wat was die kern stipulasie van die verbond (Eks 19:5-6)?
7. Was dit dus 'n voorwaardelike of onvoorwaardelike verbond?
8. Wat was Israel se onmiddelike reaksie op die verbond (Eks 19:8)?

9. Voor die verbondsluiting, het God vereis dat die hele volk hulself reinig (Eks 19:10, 14-15) en dat niemand of selfs van hul vee op die berg mag kom nie (Eks 19:12-13, 21-23). Hoekom?

10. „Imagine this!! Jy is 'n Israeliet wat aan die voet van Sinaiberg staan, God kom af op die berg as 'n donderwolk (Eks 19:9) en dan gebeur Eks 19:16-19“. Sal jy ook gebewe het?

11. Waaraan herinner Eks 19:18b jou?

# Week van 19 April
# Verbond met Moses (2)

**Leesprogram**:

Maandag: Deut 4:44-5:33
Dinsdag: Deut 6:1-7:26
Woensdag: Eks 32:1-35
Donderdag: Eks 33:1-23
Vrydag: Eks 34:1-35

**Teks**: Eks 20:1-21

**Bespreking:**

1. Die kern van die verbond met Moses was die wet van God (Eks 20:1-17; Deut 5:1-21). Hierdie wet is deur God persoonlik in 'n hoorbare stem aan die volk gegee, en nie deur 'n priester of profeet nie (Eks 32:15-16). Wat moet ons hieruit leer?

2. Wat was die doeleindes van die wet:
   a. Lev 20:7-8?

   b. Deut 6:1-2?

   c. Eks 19:5-6; Deut 7:6?

   d. Lev 11:44-45?

3. Wat waarborg God Israel in Deut 7:9-11?

4. Wat sou gehoorsaamheid aan die wet prakties vir Israel beteken het (Deut 7:12-24)?

5. „Benewens gehoorsaamheid aan die wet, moes die volk ook vir God liefhê (Deut 6:4-5), 'n vreemde konsep in 'n tyd waar gode eerder gevrees was“. Bespreek.

6. Wat sou „liefde vir God“ prakties beteken het?

7. Tog, ten spyte van hulle redding uit Egipte, die wonderwerke in die woestyn, die feit dat hulle God se Teenwoordigheid persoonlik ervaar het, en al die wonderlike beloftes wat gehoorsaamheid aan die wet sou inhou, bou en vereer die volk die goue kalf as god (Eks 32:1-8). Hoekom?

8. Wie, hoe en wat het God laat afsien van Sy plan om die volk te vernietig (Eks 32:14, 30-33:6)?

9. As die verbond van Moses voorwaardelik was, hoekom het God die volk nie verwerp na die goue kalf nie?

10. Die offerkultus word na die sluiting van die verbond met Moses, herbeklemtoon met die offer van 'n dier vir die sonde van die volk of 'n individu (Lev 4:1-35). Wat is die uiteinde van die sondeoffer (Lev 4:31, 35) en hoekom (Lev 17:11-12; Hebr 9:18-22)?

# Week van 26 April en 3 Mei – Langnaweke

# Week van 10 Mei
# Verbond met Dawid

**Leesprogram**:

Maandag: 2 Sam 2:1-7
Dinsdag: 2 Sam 5:1-16
Woensdag: 2 Sam 7:1-29
Donderdag: 1 Kron 1:1-3:23
Vrydag: 1 Kron 17:1-27

**Teks**: 2 Sam 7:11b-16; 1 Kron 17:10b-14

**Bespreking:**

1. Wat moet ons leer uit die geslagsregister wat in 1 Kron 1-3 (2:15; 3:5) gegee word?

2. Watter partye is by die verbond betrokke?

3. Som die verbondsbeloftes van 2 Sam 7:11b-16 op.

4. Is dit ‘n voorwaardelike of onvoorwaardelike verbond?

5. In watter belangrike opsig verskil dit van die gedeelte in 1 Kron 17:10b-14?

6. Wat moet ons hieruit aflei (Jes 9:5-6)?

7. Die verbond met Dawid vorm die hoogtepunt van al die Ou-Testamentiese verbonde (Jer 33:14-16). Kan jy dit uit die volgende verse opsom:
   a. Gen 3:15b;

   b. Gen 12:3; Gal 3:16;

   c. Gen 49:9-10;

d. 1 Kron 17:11.

8. Hoe is die verbond uiteindelik in 1 Kon 1:39 en Luk 1:31-33 bevestig?

9. Som Dawid se reaksie soos gegee in 2 Sam 7:18-29 en 1 Kron 17:16-27, op. Hoekom was dit 'n regverdigbare reaksie?

# Week van 17 Mei – Pinkster

# Week van 24 Mei
# Die Nuwe Verbond met Israel

**Leesprogram**:

Maandag: Jer 30:1-24
Dinsdag: Jer 31:1-40
Woensdag: Jer 32:1-44
Donderdag: Jer 33:1-26
Vrydag: Eseg 36:16-37:28

**Teks**: Jer 31:31-34

**Bespreking:**

1. Bespreek die agtergrond van Israel wat aanleiding gegee tot die Nuwe Verbond (Jer 30:11-15).

2. Wie het deel aan die Nuwe Verbond (Jer 31:31; Eseg 37:15-28)?

3. Wat is die belangrikste stipulasies van die verbond soos gegee in:
    a. Jer 31:31

    b. Jer 31:32

    c. Jer 31:33

    d. Jer 31:33; Eseg 36:27

    e. Jer 31:34a

    f. Jer 31:34b

    g. Eseg 37:26-28

4. Watter verskil maak die Heilige Gees in die Nuwe Verbond, vergeleke met die verbond van Moses (Jer 31:33; Eseg 36:26-27)?

5. Wat of Wie sal die hoogtepunt van hierdie Nuwe Verbond, verteenwoordig (Jer 33:15, 17; Matt 1:17)?

6. Hoekom sluit God die Nuwe Verbond met die volk (Eseg 36:20-23)?

7. Ten spyte van die boek Jeremia se waarskuwing aan Juda dat hulle weens hulle sonde en ongeregtigheid deur die Galdeërs oorval en weggvoer sal word, kry Jeremia die opdrag om ,n stuk grond te koop (Jer 32:1-25). Wat simboliseer hierdie opdrag rakende die Nuwe Verbond wat God met die volk sluit (Jer 32:26-33:14)?

8. Watter doel dien die visioen wat Esegiël gesien het (Eseg 37:1-14), ten opsigte van die Nuwe Verbond (Eseg 37:12-14)?

9. Is die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik?

# Week van 31 Mei
# Die Genadeverbond met die kerk

**Leesprogram**:

Maandag: Ef 1:1-23
Dinsdag: Ef 2:1-22; Rom 11:16b-24
Woensdag: Ef 3:1-21
Donderdag: Ef 4:1-5:5
Vrydag: Ef 5:6-20

**Teks**: Ef 2:11-18; Rom 11:16-24

**Bespreking:**

1. „Die hele mensdom word by die verbonde van Eden, Adam, en Noag ingesluit, maar nie direk by die verbonde met Abraham, Moses, Dawid en die Nuwe Verbond nie, waar slegs Israel betrek word. Tog kon die nie-Jode (heidene, ons) nog altyd steeds hoop op God se redding". Gebruik Ef 1:3-5, 9-11 om die stelling te bespreek.

2. Bespreek ons hoop, toekoms en lewens voor die sluiting van die Nuwe Verbond (Ef 2:11-12).

3. Hoe het ons deel geword van Israel en toegang gekry aan die beloftes en seëninge van die verbonde met Israel (Ef 2:13-22; 3:6)?

4. Gebruik die baie praktiese voorbeeld in Rom 11:16-21 om ons deel word van Israel te verduidelik.

5. Gebruik 1 Kor 11:25 om die punt verder te beklemtoon.

6. Hoekom het die mens 'n sondige natuur? Wat beteken dit prakties (Ef 4:17-22)? Kan ons dit ooit oorwin?

7. „In Christus vind ons dus die vervulling van AL die Ou-Testamentiese verbonde wat God met die hele mensdom, en spesifiek met die Jode, geluit het (Hebr 10:1-18)". Bespreek.

8. Hoekom word die Nuwe Verbond wat God met die Jode gesluit het, dus vanuit ons perspektief die Genadeverbond genoem (Ef 2:3-10)?

# Week van 7 Junie
# Ek verbind my...

**Lees** Titus 2:14

14Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen.
Engelse vertaling: *He gave his life to free us from every kind of sin, to cleanse us, and to make us his very own people, totally committed to doing what is right.*

1. Wat is die motivering vir ‘n totale verbintenis tot God?

2. Behoort ons onsself ook te verbind tot die omgeegroep?

3. Bespreek die moontlike verbintenisse (commitments) wat ons kan maak.

1. **Onvoorwaardelike liefde** ☐
   Ek onderneem dat ek niks sal toelaat om my liefde vir elke omgeegroeplid te skaad nie. Al stem ek nie saam met ‘n ander se opinie of optrede nie, sal ek hom as persoon steeds bly liefhê. Al verskil ons sal ek ander steeds aanvaar en plek gee vir God se liefde.

2. **Algehele beskikbaarheid** ☐
   Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die groep. Ek onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat ek dit sal bewys deur my bereidwilligheid om op te offer en tyd te maak vir my groep.

3. **Getroue voorbidding** ☐
   Soos die liefdevolle Vader dit graag wil hê, onderneem ek om op ‘n gereelde basis vir elke omgeegroeplid te bid. Ek glo dat hierdie gebede verhoor sal word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

4. **Groter openheid** ☐
   Ek belowe om daarna te strewe om my gevoelens, my stryd, my swaarkry en my vreugdes met die groep te deel.

5. **Absolute eerlikheid** ☐
   Ek onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Ek sal die waarheid praat (Ef 4:15), bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

6. **Sensitiwiteit vir ander** ☐
   Ek onderneem om na die beste van my vermoë ingestel te wees op my groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met Sy ore te hoor en met Sy hart om te gee.

7. **Waaragtige vertroulikheid** ☐
   Ek beloof om nie oor die vertroulike dinge van die groep uit te praat nie en so aan ‘n ruimte mee te werk waar openlikheid heers.

8. **Volkome beheer deur die Heilige Gees** ☐
   Ek wil graag in die omgeegroep en in die wêreld wees wat God my bedoel om te wees. Daarom wil ek onder beheer van die Heilige Gees lewe en myself en God se gawes tot diens en seën van die groeplede stel.

9. **Getroue bywoning** ☐
   Ek onderneem om elke omgeegroepbyeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Ek sal verskoning maak indien ek dit in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

10. **Diensbaarheid** ☐
    Uit dankbaarheid vir die seën wat ek uit hierdie bediening ontvang, sal ek daarna streef om diensbaar te lewe.

11. **Mede-verantwoordelikheid** ☐
    Ek verbind my daaraan om mede-verantwoordelik te wees vir die gesonde funksionering en uitbreiding van die groep.

**12. Rentmeesterskap** □

Ek onderneem om maandeliks my finansiële bydrae te gee vir die instandhouding van die gemeente en uitbreiding van Gods koninkryk.

--------------------------------------

Handtekening

4. **Doen**:

Gaan dink weer oor die lysie hierbo. Langs elke opskrif is daar 'n blokkie. Merk die dinge waartoe jy jouself verbind. En teken dan die dokument. Dis 'n kontrak met jouself.

Let op die sake wat jy nog nie wil/kan afmerk nie. Herevalueer elke paar maande jou lysie.

# Week van 14 Junie – Langnaweek

# Week van 21 Junie<br>Wie kan ons nooi?

1. Wat is die visie en die missie van ons gemeente?

2. Hoe kan ons as omgeegroep hierdie visie en missie help realiseer?

3. Wat leer ons van die eerste gemeente in Hand 2:43-47.

4. Wat was die geheim vir groei in getalle en groei in geestelike volwassenheid?

5. Wat is die verskil tussen ‘n omgeegroep en ‘n kliek?

6. Wanneer sal ‘n omgeegroep weet dat hulle gereed is om te verdeel/vermenigvuldig?

7. Watter belangrike wenke en “geheime” moet in ag geneem word by verdeling?

**8. Doen:**
Dra ‘n leë stoel in die vertrek in en –

- bespreek wie moontlike kandidate is wat genader kan word om hierdie plek in te neem
- bid vir hierdie persone sodat die Heilige Gees in hulle kan werk om deel te word van die groep.

# Skoolvakansie